DIE HELIOGRAAF

Nuusbrief van die Vriende van die Oorlogmuseum
News letter of the Friends of the War Museum

Posbus / P.O. Box 13047, Noordstad, 9302,
Suid Afrika / South Africa
Sel: 082 801 7040, Epos / Email: museumvriende@gmail.com
Sel: 082 490 3112, Epos / Email: ronel.theart@vodamail.co.za

No.2 /2019

Beste Vriende

Hiermee ons tweede heliograaf vir 2019.

1. *LEDEGELD:*
   Baie dankie aan die lede wat wel hul ledegeld vereffen het. Graag doen ek 'n beroep op Vriende wat nog nie hulle ledegelde betaal het nie om dit welt e doen. 'n Rekening sal volg na 1 Junie.

   Lede wat ledegeld betyds betaal sal die volgende voordele geniet:
   - Volle toegang tot nuwe Whatsapp en Bakkiesblad(Facebook)-groep blad. Lg. sal gebruik word bo en behalwe e-posse en Heliograaf vir vinnige kommunikasie, maar ook ivm. ander ABO-verwante inligting asook om lede met feitelike ABO-geskiedenis te bedien. 'n Maandelikse triviavraag sal ook gevra word waar aanloklike boekpryse gewen sal kan word! Hierdie sal in samewerking met Pretoria-tak geskied. Hopelik sal ons hiermee jonger gesinslede en nuwe lede betrek en werf. Alle lede word gevra om 'n bydrae te lewer, die elektroniese en sosialeblaaie te adverteer en so nuwe lede te werf!
   - 5% afslag op Vriende-toere en Vriende-uitstappies!
   - 20% afslag op Vriende publikasies!
   Besonderhede:
   NAAM: VRIENDE VAN DIE OORLOGMUSEUM
   BANK: ABSA
   KODE: 632005
   REKENINGNOMMER: 905 733 2629
   Stuur bewys van betaling aan museumvriende@gmail.com sowel as manie@dnv-bfn.co.za.

2. DIE KESTELL-KRANSLEGGING EN PHILIPPOLIS UITSTAPPIE:

Beide was 'n groot sukses en is besonder goed bygewoon. Baie dankie vir die ondersteuning aan lede wat wel bygewoon et en besondere dank aan ons gashere , Joop en Val Fourie asook aan Doreen Atkinson vir haar bydrae!

Foto: Kestell-kranslegging

Fotos: Philippolis-uitstappie

3. *INFORMELE GESPREK BY WOODLANDS EN ANDER LESINGS:*

Verder is die informele gesprek by Woodlands, waar ek 'n praatjie oor die Fischer-familie gelewer het, tesame met die die lesings oor die Cronje- generaals by die Genealogiese vereniging en die lesing oor posgeskiedenis aangaande betrokkenheid van swartmense vir die Filatelie Vereniging. Lesings is besonder goed bygewoon.

4. *VRIENDE JAARPROGRAM VIR DIE RES VAN DIE JAAR:*

   a. **1 JUNIE om 9h30**:

Ons vra u ondersteuning. Dr. Pretorius is 'n kenner van Heidelberg omgesing tydens die Oorlog en ek persoonlik sien baie uit na sy praatjie.

09h30: Opening en Kranslegging Saluut deur Oorlogspoort Kommando en "Last Post'.

10h00: Bittereinde gedenklesing in ouditorium van die Oorlogmuseum: Onderwerp: Bittereinders: Generaal Piet Retief Viljoen en seuns se bydrae tydens die ABO. Spreker: Dr. Willie Pretorius (Pretoria tak)

10h50: Verversings in die teekamer.

b. **25 JULIE om 18h00 vir 18h30**:

Sop en sjerrie-aand: Lesing deur Dr. Garth Benneyworth - Onderwerp: 'Traces of forced labour during the SA War'(black civilians in concentration camps)

c. 20 tot 24 SEPTEMBER - VRIENDE-TOER 2019:

Ons toer sal die jaar handel oor die rebelle in die Kaapse middellande. Ons vertrek Vrydagoggend 20 September 2019 vanuit Bloemfontein en sal Dinsdagmiddag 24 September 2019 om en by 15h00 terug wees in Bloemfontein.

Ons sal al vier aande in Graaff-Reinet slaap. Ons gaan onder andere ook Middelburg en Aberdeen besoek.

Die verblyf in Graaff-Reinet bestaan uit huisies met twee slaapkamers wat een badkamer deel. Die kostes vir die toer beloop as volg:

Persoon wat deel: R4200.00

Persoon wat deel en wie se ledegeld vereffen is: R4000.00

Persoon wat nie 'n kamer wil deel nie: R5300.00

Persoon wat nie 'n kamer wil deel nie maar wie se ledegeld vereffen is: R5030.00

Let asseblief daarop dat twee slaapkamers met een badkamer toegerus is. Dit sal vir persone wat nie 'n slaapkamer deel nie ook van toepassing wees.

'n Deposito van R2000.00 is betaalbaar voor of op 30 Junie 2019 in die bankrekening van die Pretoria-tak.

Rekeninghouer:	Vriende van die Oorlogmuseum, Pretoria-tak
Bank:	ABSA
Tak:	Booklyn-tak
Rekening nommer:	911 340 8556
Verwysing:	Naam en van
Stuur bewys aan:	Abo@maraislaw.co.za

U moet asseblief die bewys van betaling sowel as u kontakbesonderhede, huisadres en eposadres aan Louina Marais stuur. U moet ook aandui of u die toerete op die vooraand van die toer, 19 September, sal bywoon.

Lede wat van Pretoria reis: Reelings sal getref word vir saamrygeleenthede.

d. **2 NOVEMBER om 9h30**:
Jaarvergadering en lesing: Onderwerp - Krygsgevangenekuns deur Vicky Heunis.

5. *VRIENDEPUBLIKASIES:*
‘n Beroep word op lede gedoen om ons publikasies te ondersteun en te adverteer! Hierdie lewer ‘n belangrike bydrae om veral spesiale projekte te finansier waarvoor daar ‘n groot behoefte bestaan! Dink ook daaraan as geskenke. Publikasies sluit in ons gidse vir Bloemfontein (R200) Noord-oos Kaap (R150) en Suid-Vrystaat (R150).
LET WEL: Vriende kry 20% afslag op bg.

6. *31 MEI 2019 – BERAAD: Die betekenis/boodskap van die Vrouemonument vandag.*
Tyd: 09:00-11:00
Plek: Die leeskamer van die Fakulteit Teologie UV. Dit is die kamer op die onderste punt van die onderste gang van die Teologiegebou. As inleiers met ‘n kort inleiding (10 minute) oor die boodskap van die Monument is dit gefinaliseer met Prof Andries Raath en myself en Mev Corrie Scheepers. Prof Barry Frey sal as gespreksleier optree. Hierdie inleiers het diep spore getrap in die Afrikanerkultuurhuishouding en is almal lede van die Vrouemonumentkommissie.
RSVP: Piet Strauss by StraussP@ufs.ac.za (so gou moontlik)

7. *6 JUNIE 2019: BAK-ERETOEKENNINGS FUNKSIE*
Tyd: 18h00 vir 18h30
Plek: NALN (in samewerking met die FAK)
Tydens die geleentheid sal erkenning aan die volgende persone gegee word vir hul bydrae tot die Afrikaanse taal en kultuur:
Coenie de Villiers, Lucas Maree (postuum), Anton Esterhuyse en Elsa Krantz.
Leon Gropp tree as gaskunstenaar op met die tema:
Die rol van kuns en skoonheid in die kultuurlewe van die Afrikaner, met toonsettings van gedigte van NP van Wyk Louw.
Kaartjies vir die funksie is beskikbaar teen R100.00 p.p. (vingerete ingesluit) by:
- Hennie Maartens (sel: 083 388 0047)
- Barry Frey (sel: 083 4621963)
- Willie Engelbrecht (sel: 082 728 1489)
- Chris Verwoerd (sel: 082 800 4708)
- Karn Botha (sel. 082 564 0967)
- Arno Odendaal (selnr. 060 525 1865)
- NALN (annelien.naln@sacr.fs.gov.za)

Parkering is beskikbaar langs die NALN-gebou vanuit Miriam Makebastraat.
* Die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum is geleë op die h/v Pres. Brand- en Miriam Makebastraat, Bloemfontein.

8. *8 JUNIE 2019: STUDIEDAG:*

9. *19 – 21 JULIE 2019:*

10. *5 OKTOBER 2019: 120-JARIGE HERDENKINGS-DAG PROGRAM – PRETORIA-TAK:*
    Volledige program sal volg. Kontak Louina vir besonderhede by: Abo@maraislaw.co.za

11. *8-10 OKTOBER 2019: 120-JARIGE HERDENKINGSKONGRES VAN DIE ABO:* https://www.wmbr.org.za
    Oorsese sowel as plaaslike kenners sal kern van program vorm. Hoogtepunte sal insluit 'n Afrikanerkonsert deur bekende kunstenaars op 8 Oktober om 18h00 by die Museum. Kooroptredes en voordrag Vrouemonument, optog perde, vlae en nabootsing deur Oorlogspoort kommando, gewyde diens, formele ete Onze Rust, kranslegging Britse hoë-kommissaris, onthulling van die Steyn-beeld op die terrein van die Museum sowel as besoek aan die Driefontein Slagveld.
    Kaartjies vir die konsert op 8 Oktober kan direk by Computicket aangekoop word. (Koste R100 volwassenes, R50 kinders, R80 pensionarisse)
    Registrasie vir kongres direk op die Museum se webtuise soos aangedui.

12. MUSEUM ONDERSTEUNINGSTRUST:
    Bogenoemde bestaan reeds 'n paar jaar. Ekself is Voorsitter van die Trustees. Ander trustees sluit in Prof. Piet Strauss, Paul Colditz, Dr. Neil Cronje en Tokkie Pretorius. Prof. Johan Henning is onlangs oorlede en ons dra ons medelye aan sy naasbestaandes oor.
    Die doel is om fondse te bekom om projekte van die Museum te befonds aangesien hulle begroting beperk is. Onlangs het ons 'n skenking van R300 duisend van die Dagbreek trust ontvang waaroor ons uiteraard baie dankbaar is. Hierdie fondse is gebruik om die verskuiwing van die Paardeberg museum na die terrein van die Oorlogmuseum te finansier en sal lede dit binnekort kan besigtig. Skenkings sal verwelkom word!
    Besonderhede:

NAAM:	THE WAR MUSEUM SUPPORT TRUST
BANK:	ABSA
KODE:	632 005
REKENINGNOMMER:	40 7890 8298

Ons sien uit na 'n lewendige jaar!

Vriendelike groete
ARNOLD VAN DYK
Voorsitter: Bloemfontein tak